Ek is... Poortbode

3 Mei 2020

Prediker: Ds. Johan de Wet | Teks: Fil.3:7 - 15 | Tema: In die herfseisoen

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam,
die volheid van Hom,
wat alles
in almal vervul."

1. **Danville-kospakkies:** Indien u 'n kontantbydrae wil maak, kan u dit met 'n EFT– betaling, na die bankrekening op bl. 2 met duidelike verwysing: **Danville**, doen asseblief. Dankie dat ons steeds in hierdie uiterste, moeilike tye vir hulle, wat soveel minder voorregte as ons het, kan voorsien. Ons waardeer elke lidmaat se betrokkenheid.

2. **Gebedsversoeke:**

- Ons bid vir elke lidmaat wat in hierdie tyd 'n behoefte daaraan het dat die Here hulle op 'n besondere wyse moet aanraak.
- Die Covid-19 virus: ons kom in diepe afhanklikheid na ons Here toe en bid vir die wêreldwye pandemie. Ons bid dat die Here ons geloofsonderskeiding sal gee, sodat ons na God se wil sal bid en ook wys sal optree.

3. **Hulp aan mense in nood:**

Ons gemeente dra by tot die gemeenskapsprojek wat deur Charles de Beer bestuur word. Hulle het 'n goed, gestruktueerde netwerk van maatskappye wat hulp voorsien en het ook kontakte om in alle gebiede te kan kospakkies aflaai. Hulle benodig egter derulopend fondse om die projek te kan volhou en aan die groot nood te kan voldoen. Hier is hulle besonderhede:

Harties - Hulp is Op pad.
https://www.facebook.com/group/825073094654273/?ref=share
Jy kan ook 'n Whatsapp of sms stuur na: 0833840560 vir enige navrae

4. Kommunikasie tydens die isolasietydperk:

A. Alle preke asook inligting, soos die besprekingsvrae en die Poortbode word op ons **Facebook-blad: Harties NG Kerk** geplaas, asook op ons **webbladsy**: **www.hartiesng.org**

B. Jy kan ook direk op die **Youtube-kanaal** inskakel en soek vir Harties NG—al die preke is ook daarop gelaai.

C. Gemeentelede ontvang ook die preke per Whatsapp— laat weet gerus indien u nie op 'n groep is nie en graag deel wil word.

5. Verjaarsdae:

Baie geluk aan almal wat in hierdie week verjaar. Mag jy op jou besondere dag die liefde en omarming van ons Here Jesus beleef.

6. Kollekte en Dankoffers:

Alhoewel ons nie tans fisiese eredienste kan hou nie, het ons gemeente steeds bepaalde verantwoordelikhede om na te kom. Baie dankie aan elke lidmaat wat getrou bydra. Dit word opreg waardeer.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Rekeningnommer: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die "zapper-app" op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.